Afrikaanse Onderwysnetwerk

ONDERWYSLEIERSKAP

“As die toekoms soos die hede lyk is die mensdom gedoem”. `n Opmerking wat ek onlangs op sosiale media raaklees. Verdoemend. Die uitdaging moet veel eerder wees: “Uit die hede is daar wonderlike geleenthede om `n nuwe toekoms te bou”, of “Uit die gebrekkige hede kan ons `n beter toekoms bou.”
Die AON besef dat `n beter toekoms in die hande van ons onderwys- en skoolleiers lê. Ons besef voorts dat die uitdagings wat die toekoms inhou die vaardighede van ons leiers grootliks op die proef gaan stel. Die sleutel tot oorlewing lê dus daarin opgesluit dat ons met dringendheid en ywer in onderwysleiers moet belê.

Om by die oplossing uit te kom behoort elke leier (onderwysleier) hom-/haarself die volgende af te vra:

- Wat wil ek bereik?
- Wat is die impak wat ek in die gemeenskap wil/moet maak?
- Volgens watter waardestelsel neem ek besluite?
- Hoe bou ek vertroue?
- Hoe lyk my mondering/vaardighede om ‘n nuwe toekoms te bou?

Die pandemietyd het ons reeds `n paar lesse oor leierskap geleer:

- Leiers moet waagmoedig optree
- Leiers moet dapper wees, aksie en leiding neem.
- Leiers moet waagmoed hê om te prioritiseer.
- Leiers wat alles verdedig, verdedig in werklikheid niks nie.
- Leiers moet weet as alle sake `n prioriteit is raak niks `n prioriteit nie.
- Leiers neem eenvoudige besluite en kommunikeer duidelik.
- Leiers moet weet wat sy/haar doel, waardes en karakter is.
- Leiers moet hul gemeenskap eerste plaas en deur voorbeeld lei.
- Leiers moet op die kundigheid om hom/haar vertrou; die skoolbeheerliggaam, bestuurspan en sy/haar eie vermoëns.

Bly kalm! Almal weet ons is in `n krisis. Mense is bekommerd. Oordink en deurdink besluite en moenie ander blindelings volg nie. Jou gemeenskap en skool het `n unieke karakter en kultuur. Kry oplossings wat dit ook aanspreek. Jy hoef nie alles te weet of perfek te wees nie, maar wees beslissend.
In die lig van die vele uitdagings waarmee skoolleiers tans gekonfronteer word, bied die AON `n reeks van leierskapvaardighede in samewerking met prof. Erwin Schwella aan om veerkragtige onderwysleiers te ontwikkel.

Hierdie unieke reeks sal gratis op die AON-platforms geplaas word. Ons moedig u aan om deel van hierdie opwindende inisiatief te word. Deel van die aanbod is wonderlike aanbiedinge op leierskapsontwikkelingskursusse wat deur prof. Schwella aangebied word. Daar sal deurlopend inligting oor dié kursusse gekommunikeer word. Hou dus ons platforms vir meer inligting dop en moet nie die geleentheid vir selfontwikkeling misloop nie!

Geniet die veerkragtige onderwysleier-reis saam met ons!

Meer oor prof. Erwin Schwella:

Erwin Schwella is die dekaan van die Skool vir Sosiale Innovasie by Hugenote Kollege. Hy is ook Emeritus Professor in Publieke Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch en Tilburg Universiteit in Nederland.

Hy behaal die grade BA (Regte), BA Honneurs (Sosiologie), Honneurs BPA, MPA en PhD aan die Universiteit van Stellenbosch. Beide honneursgrade is cum laude verwerf.

Hy spesialiseer in leierskap, regeerkunde, sosiale innovasie en sisteemdenke.

As navorser het hy vyf akademiese boeke geskryf (en nog veel meer help skryf), byna 100 artikels gepubliseer en verskeie professionele beleidsadviese aan internasionale en Suid-Afrikaanse regeerinstellings verskaf.

Erwin Schwella werk tans aan die bou van ‘n funksionele sosiale innovasie ekosisteem en doen dié werk met groot vreugde. Hy is die voorsitter van die sosiale onderneming, CiviNovus (www.civinovus.co.za), en direkteur van verskeie ander welwillendheid sosiale ondernemings Hy lewer ook gereeld insette op nasionale radio en televisie, en nou ook op die radiostasie wat hy vir CiviNovus geskep het, CNR Radio (http://civinovus.co.za/audiostream.html), oor relevante, aktuele openbare aangeleenthede.

Erwin Schwella glo aan die goue lewensriglyn: “Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê.”